**12 April 2026**

**Oggend diens**

**Sing:** Ps. 89:1,6; Ps. 89:7; Ps. 42:1,5; Ps. 135:1,11; Ps. 2:1,6.

**Lees:** Matt. 11:1-19

**Teks:** Matt. 11:19c

**Tema: Die wysheid Christus bepaal ons verwagtinge.**

***Die vraag na Christus***

Johannes die Doper was ʼn begenadigde mens met ʼn spesifieke roeping. Hy moes in die volheid van die tyd die weg berei vir die Christus wat aan't kom is in die wêreld. Terwyl hy in die gevangenis was stuur hy twee van sy dissipels na Christus toe om te verneem of hy werklik die Messias is. Die vertwyfeling wat Johannes ervaar spruit uit die feit dat dit lyk of Jesus nie eintlik die een is wat die juk van die volk se vyande gaan afgooi nie. Dit wil voorkom of Jesus nie die Messias is wat die volk verwag het nie.

***Die verwagting van Christus***

Johannes se vertwyfeling oor Christus openbaar verder dat Christus nie aan die verwagtinge van die volk voldoen het nie. Hy vergelyk hulle met die kindertjies wat op die markplein speel, maar wat ontevrede is met die spel wat die ander speel. Die spel het hulle nie tevrede gestel nie. Die volk het aan die begin agter Johannes aangeloop om gedoop te word, maar hom gou vergeet. In die hede ag hulle ook nie verkondiging van Christus nie. Die hartseer gevolg is dat hulle nie die boodskap van die koninkryk hoor nie, omdat dit nie aan hulle verwagting voldoen nie.

***Die regverdiging deur Christus***

Die vertwyfeling en die ontevredenheid met die raad van Christus getuig van die mense se eie dwaasheid en onbegrip. Indien hulle ware wysheid sou hê, sou hulle nie net die werk van Christus erken nie, maar hulle ook bekeer. Dan sou hulle die vrug van wysheid in hulle eie lewe sigbaar gemaak het en Jesus nagevolg het. Wanneer ons teleurgestel word in ons verwagtinge moet ons ook ons verwagtinge in die lig van die evangelie ondersoek.

**Aand diens**

**Sing:** Ps. 45:1,9,10; Ps. 18:1,12; Ps. 116:8,9,10.

**Lees:** Matt 5:27-32; So□41.

**Teks:** Matt 5:27; So□41.

**Tema: As bruid van Christus moet ons kuis in gedagtes woorde en dade leef.**

***Die opdrag tot ʼn kuise lewe.***

Die huwelik is sekerlik die oudste instelling wat daar in die wêreld bestaan. In ons tyd kom hierdie instelling meestal onder skoot as 'n uitgediende stukkie tradisie. Tog is die huwelik een van die belangrikste boustene van 'n gemeente en gemeenskap. Die Here bepaal in die sewende gebod dat sy volk kuis moet lewe binne die heilige instelling van die huwelik. Dit is in hierdie lig dat die Here sy kinders daartoe roep om alle onkuisheid te haat en daarvan weg te vlug.

***Die omvang van ʼn kuise lewe.***

Wanneer Christus die sewende gebod in die Bergpredikasie behandel, wys Hy op die omvang van die sewende gebod. Aan die eenkant word daar spesifiek op die huwelik gefokus en aan die ander kant word daar op die mens se begeertes gefokus. Met die instelling van die huwelik is dit duidelik dat die huweliksband slegs deur die dood verbreek kan word. Die daad van egbreek begin egter by die begeerlike gedagtes van die mens.

***Die uitlewing van ʼn kuise lewe.***

Dit is duidelik dat die sewende gebod nie net ons optrede raak nie, maar ook ons denke en lewensuitkyk. Ons moet in die eerste plek besef wat ons liggame is en wat ons te doen staan. Ons menslike liggaam is nie ons eiendom nie, maar dit is die tempel van die Heilige Gees. Dit beteken dat ons nou ons liggame heilig moet hou. Wanneer ons egter struikel en val kan ons seker wees dat die Here deur sy Gees naby aan ons is sodat ons heilig kan leef.